
GUITAR
4 KIDS
DEEL 2

Baie welkom by Deel 2 van die kleuter kitaar lesse. Ek hoop dat jy dit baie sal geniet en baie sal leer. Hierdie afdeling is meer geskik vir jong kinders wat al bietjie kan lees.

**Dit is baie belangrik dat jy eers deur Deel 1 moet werk want Deel 2 bou op Deel 1.**

Ek gaan elke kitaar druk weer mooi vir jou wys so luister en kyk net baie mooi en jy sal sien dat jy een van die dae sommer BAIE lekker gaan kitaar kan speel!

In hierdie afdeling gaan ons liedjies met 3 drukke leer speel en ons gaan ook 'n nuwe kitaar druk leer.

Omdat die drukke nou vinniger op mekaar gaan volg, gaan ons dit eers bietjie stadiger doen as wat die liedjie eintlik is. Oefen elke les se liedjie eers saam met my op die stadige tempo. Sodra jy jou drukke maklik kan verander, kan jy oorgaan na die regte spoed van die liedjie saam met die musiek.

Die heel belangrikste is dat jy dit moet geniet om kitaar te speel. Jy gaan aan die begin bietjie sukkel, maar binnekort gaan jy lekker sing en speel!


Jou mamma of pappa kan my enige tyd kontak as jy sukkel met iets of as jy sommer net met my wil gesels!




Kitaar-speel-groete!
**Tannie Ebeth**

# Kom ons maak net seker jy onthou wat het jy in Deel 1 geleer:


## Die 1ste kitaar druk wat ons geleer het, was D vir Dassie.

| | | |
|---|---|---|
| <br>1<br>2<br>3<br>6 5 4 3 2 1 = SNARE | D<br>MAJEUR<br><br>Die 3 kolletjies lyk soos sy 2 ogies en neusie. |  |

## Die 2de kitaar druk wat ons geleer het, was A vir Apie.

| | | |
|---|---|---|
| <br>1<br>2<br>3<br>6 5 4 3 2 1 = SNARE | A<br>MAJEUR<br><br>Apie lê skuins op sy ruggie |  |

## Die 3de kitaar druk wat ons geleer het, was E vir Eendjie.

| | | |
|---|---|---|
| <br>1<br>2<br>3<br>6 5 4 3 2 1 = SNARE | E<br>Majeur<br> |  |

# **KITAAR LES 11**

A E

Eendjies eendjies stap in 'n ry



A

Een, twee, drie, vier stap hul verby

D A E A

Links, regs, links regs, kyk hoe mak

D A

Reguit dam toe

E A

Kwaak, kwaak, kwaak

5.

# WEES KREATIEF EN KLEUR DIT MOOI IN

# Eendjies

